

## WCED & HMC 2020 - 1ST ROUND


1) Peter neem albasters saam skool toe. Tydens 1ste pouse verloor hy 'n kwart daarvan. Tydens 2de pouse verloor hy nog 8 albasters sodat hy 16 oor het na tweede pouse. Hoeveel albasters het hy saam skool toe geneem?

- A) 96                      B) 72                      C) 56                      D) 18                      E) 32

2) A is 'n getal groter as 20 en kleiner as 30. B is 'n getal groter as 200 en minder as 300. Wat is die kleinste verskil wat daar tussen A en B kan wees?


- A) 270                      B) 278                      C) 170                      D) 180                      E) 172

3) Vier getalle word ewe ver van mekaar op 'n getalrelyn geplaas. Bereken die som van A en B.




- A) 240                      B) 255                      C) 210                      D) 300                      E) 120

4) Bepaal die aantal vierkante, van alle groottes, in die figuur.




- A) 9                      B) 10                      C) 13                      D) 14                      E) 15

5) Watter een van die volgende figure pas nie by die ander nie?



6) Joy gebruik identiese driehoekige botter beskuitjies (grys) en sjokolade beskuitjies (swart) om figure te vorm wat 'n patroon volg.



Hoeveel sjokolade beskuitjies sal gebruik word om Figuur 6 te vorm?

- A) 24                      B) 36                      C) 42                      D) 49                      E) 52

7) Gail benodig 150 stukkies lint vir 'n partytjie. Elke stukkie lint moet 40cm lank wees. Lint word egter in rolle van 5m verkoop.

Hoeveel rolle lint het Gail nodig om 150 stukkies lint te kry?

- A) 11                      B) 12                      C) 13                      D) 14                      E) 15

8) Winkel A het aanvanklik 156kg rys gehad en winkel B 72kg rys. Nadat elke winkel dieselfde hoeveelheid rys verkoop het, het winkel A, 4 maal meer rys as winkel B gehad. Hoeveel kilogram rys het winkel A verkoop?

- A) 30                      B) 40                      C) 42                      D) 44                      E) 50

9)  $99 + 98 - 97 + 96 - 95 + \dots + 6 - 5 + 4 - 3 + 2 - 1 = ?$

- A) 148                      B) 118                      C) 99                      D) 50                      E) 49

10) 'n Deel van die kaart hierlangs is weg. Wat is die nommer van die ry wat 248 bevat?

Row	Column 1	Column 2	Column 3
1	6	8	10
2	12	14	16
3	18	20	22
4	24	26	28
5	30	32	34
	36	38	40
	42	44	46

- A) 39                      B) 40                      C) 41                      D) 42                      E) 44

11) Jim koop 2 kortbroeke meer as hemde en betaal 'n totaal van R124. Elke hemp kos R8 en elke kortbroek R12. Hoeveel kortbroeke het Jim gekoop?  
 A) 5 B) 7 C) 9 D) 11 E) 12

12) Plaas die getalle 1 tot 9 sodat elke ry, kolom en diagonaal, dieselfde som gee. Gebruik elke getal slegs een keer.

a	b	c
9	5	1
d	e	f


Bepaal die waarde van  $a + b + c + d + e + f$ .

A) 35 B) 30 C) 45 D) 25 E) 15

13) In 'n sak met klein balletjies is  $\frac{1}{3}$  van die balle groen,  $\frac{1}{6}$  is blou en  $\frac{1}{12}$  is geel. Die oorblywende 25 balletjies is wit. Hoeveel balletjies is blou?

A) 10 B) 20 C) 30 D) 40 E) 60

14) Dit neem 1 man 1 dag om 'n gat van  $2m \times 2m \times 2m$  te graawe. Hoe lank sal dit hom neem om, teen dieselfde tempo, 'n gat van  $4m \times 4m \times 4m$  te graawe?



A) 2 dae B) 4 dae C) 6 dae D) 8 dae E) 10 dae

15) Hoeveel maniere is daar om van A na B te beweeg, indien jy slegs na regs en opwaarts beweeg?

A) 2 B) 3 C) 4 D) 5 E) 6

16) Die punte A, B, C, D, en E is op 'n reguit lyn in volgorde gerangskik. Die afstand van: A na E is 20cm, van A na D is 15cm, van B na E is 11cm, en C is halfpad tussen B en D.


Wat is die afstand van A na C?

A) 10cm B) 11cm C) 12cm D) 13cm E) 14 cm

17) Die produk van die syfers in die getal 182 is  $1 \times 8 \times 2 = 16$ . Vir hoeveel 3-syfer getalle, is die produk van hul syfers 16?


A) 9 B) 12 C) 15 D) 16 E) 18

18) Wat is die omtrek van die geometriese figuur hierlangaan aangedui?




A) 52m B) 56m C) 60m D) 64m E) 76m

19) Die twee stukkies hout in die skets hieronder, is beide 120cm lank en hul oorvleuel mekaar. Die een stukkie is in kwarte verdeel en die ander in derdes. Wat is die moontlike totale lengte wat in die skets aangedui word?



A) 240 B) 170 C) 160 D) 150 E) 130

20) Vier identiese sirkels pas binne in 'n reghoek. B is die middelpunt van 'n sirkel. Wat is die omtrek van die reghoek?



A) 240mm B) 120mm C) 96mm D) 24mm E) 12mm